# Plasing in Koshuise en Luister-, Leer- en Leefhuise, asook indeling by PSO-wyke en klusters

| | |
|---|---|
| **Tipe dokument:** | Beleid |
| **Doel van die beleid:** | Die metadoel van hierdie beleid is die optimalisering van die hele leefwêreld van ons studente as belangrike bydraende faktor tot studentesukses. Verder is die doel om plasing en indeling op ’n verantwoordbare wyse en in pas met die missie, visie en doelstellings van die Universiteit te bestuur. |
| **Goedgekeur deur:** | US Raad |
| **Goedkeuringsdatum:** | 4/29/2013 |
| **Implementeringsdatum:** | 1 Junie 2013 vir innamegroep 2014 |
| **Datum van volgende Hersiening:** | 2018 |
| **Datum(s) van vorige Hersienings:** | Elke vyf jaar of soos nodig |
| **Beleideienaar[1]:** | Viserektor: Leer en Onderrig |
| **Beleidkurator[2]:** | Senior Direkteur: Studentesake |
| **Sleutelwoorde:** | Luister-, Leer- en Leefhuise, LLL, PSO-Wyke, Klusters, Koshuise |
| **Geldende Weergawe:** | Ingeval van geskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie beleid as die geldende weergawe aanvaar. |

US Beleide is beskikbaar by www.sun.ac.za/policies

[1] Beleideienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum waarbinne die beleid funksioneer.
[2] Beleidkurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die implementering en instandhouding van die beleid.

# UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

# BELEID VIR PLASING IN KOSHUISE EN LUISTER-, LEER- EN LEEFHUISE, ASOOK INDELING BY PSO-WYKE EN KLUSTERS

| | |
|---|---|
| Verwysingsnommer van dokument | Koshuis_PSO_LLL-huise_plasingsbeleid_weergawe 10 vir Raad; 29 April 2013 (finaal) |
| Doel van die beleid | Die metadoel van hierdie beleid is die optimalisering van die hele leefwêreld van ons studente as belangrike bydraende faktor tot studentesukses. Verder is die doel om plasing en indeling op 'n verantwoordbare wyse en in pas met die missie, visie en doelstellings van die Universiteit te bestuur. |
| Goedkeuringsdatum | 29 April 2013 |
| Implementeringsdatum | 1 Junie 2013 vir innamegroep 2014 |
| Hersieningskedule | Minstens elke vyf jaar of soos nodig |
| Eienaar van beleid | Viserektor (Leer en Onderrig) |
| Beleidskurator | Senior Direkteur: Studente- en Akademiese Steun |
| Goedgekeur deur | Raad |

**INHOUDSOPGAWE**


| | |
|---|---|
| 1. Inleiding | bl 1 |
| 2. Doel en skopus van beleid | bl 2 |
| 3. Mikpunte met die beleid | bl 2 |
| 4. Beleidsbeginsels | bl 2 |
| 5. Beleidsbepalinge | bl 3 |
| 6. Konflikbeslegting | bl 6 |
| 7. Beleidsbeheer | bl 7 |
| 8. Verslagdoening en openbaarmaking | bl 7 |
| 9. Optrede in geval van nie-nakoming | bl 7 |
| 10. Woordomskrywings | bl 7 |
| 11. Ondersteunende dokument | bl 10 |


## 1 Inleiding

As 'n 21ste eeuse universiteit is dit noodsaaklik om voortdurend by die veranderende werklikhede aan te pas en die huisvestingsbates só te bestuur dat dit die visie, missie en doelstellings van die Universiteit ten beste dien. Verder dra die totale universiteitservaring by tot of het 'n uitwerking op die uiteindelike sukses, al dan nie, van 'n student. Daarom het die Universiteit 'n verantwoordelikheid om daardie leefwêreld ten beste te benut en te organiseer en dus ook plasing in voorgraadse koshuise, senior koshuise, indeling by PSO-wyke en klusters en plasing in luister-, leer- en leefhuise (LLL-huise) op so 'n wyse te doen dat dit bydra tot al ons studente se sukses (kyk by punt 10 onder woordomskrywings vir definisies van elk van hierdie verskillende tipes verblyf). Hierdie beleid sluit dus ook aan by hoe die Universiteit georganiseer word mbt transformasie, 'n verwelkomende en vriendelike kampus in samehang met die mobiliteitsplan (vervoer óp, ná en ván die kampus en inskakeling by klusters). In die lig van die relatiewe beperkte getal koshuisplekke is

dit egter ook duidelik dat koshuisinwoning ’n voorreg is (en nie ’n reg nie) en dat daardie voorreg op ’n verantwoordelike en sinvolle manier toegewys moet word.

## 2 Doel en skopus van beleid

Die metadoel van hierdie plasingsbeleid is die optimalisering van die hele leefwêreld van ons studente as ’n belangrike bydraende faktor tot studentesukses. Voorts veronderstel dit die optimalisering van die buite-klas-leefwêreld van die studente wat dus in die praktyk beteken dat daar ook buite die formele kurrikulum gepoog word om alles wat op die studente se optimale ontwikkeling impakteer só te belyn dat dit positief tot studentesukses bydra. Verder moet die beleid ’n instrument in bestuur se hande wees om die strategiese doelwitte van die Universiteit te bereik wat onder andere die volgende insluit: studentesukses, bevordering en viering van diversiteit, skep van ’n verwelkomende kampuskultuur, regverdige en ordelike reëlings mbt die plasing van studente in universiteitshuisvesting en indeling by en organisering van ander tipes woonopsies.

Die Universiteit se strategiese besluit oor grootte en vorm sluit onder andere in die gewenste diversiteitsverspreiding van studente wat met inskrywingsbeplanning bestuur word. Die resultaat van geteikende werwing en die studente wat aansoek doen om koshuisinwoning bepaal dan die koshuisplasingsmoontlikhede.

## 3 Mikpunte met die beleid

Belangrike mikpunte is dat studente op so ’n wyse geplaas en ingedeel word dat dit positief sal bydra tot die vorming van gesonde, diverse gemeenskappe wat weer sal bydra tot optimale vorming en ontwikkeling in die buite-klas-konteks en uiteindelike sukses (akademies en andersins). ’n Verdere mikpunt is dat daarna gestreef word om die kwesbaarste studente, wie se kans op sukses sal verbeter as hul in ’n koshuis is, so ver moontlik in koshuise te plaas. Hier sal in die eerste instansie nuweling-eerstejaarstudente in ag geneem word, maar ook bv Verlengde Graadprogramstudente (VGP-studente), studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig soos mbv die middeletoets bepaal en studente met spesiale leerbehoeftes (gestremdhede) vir wie koshuisinwoning noodsaaklik is. Die beleid bied ook aan die bestuur ’n instrument om te help verseker dat die diversiteitsmikpunte mbt bruin, swart en Indiër (BSI-) studente voorgraads behaal kan word.

## 4 Beleidsbeginsels

***Uitnemendheid*** *versterk deur* ***diversiteit*** is ’n rigtinggewende beleidsbeginsel en beide hierdie dimensies word deurentyd saam met ál die ander bepalinge verreken. Diversiteit word as ’n baie belangrike bydraende faktor in die ontwikkeling van uitnemendheid by studente beskou. Geleenthede om van mense wat anders as jy is te leer, is meer as wat die geval is in ’n homogene groep. Verder bied dit uitstekende voorbereiding vir die Suid-Afrikaanse en internasionale werklikhede. Om dié rede wil die Universiteit in haar studentegemeenskappe omgewings skep wat ryk is aan diversiteit. Daar word sodoende dan ook erkenning gegee aan die feit dat studente in talle opsigte divers is (nie net wat etnisiteit betref nie) en daardie diversiteit moet ook in die samestelling van die studentegemeenskappe weerspieël word.

’n Ander belangrike beginsel wat ook as mikpunt gestel word, is dat die kwesbaarste studente en diegene wat die meeste sal baat by koshuisinwoning liefs in ’n koshuis geakkommodeer word om sodoende hul kanse op sukses te verhoog.

## 5 Beleidsbepalinge

Die wysiging van spesifieke diversiteitskategorieë se getalle, persentasies en ander besonderhede mbt die toepassing en implementering van die beleid (soos van tyd tot tyd nodig mag wees) is die verantwoordelikheid van die universiteitsbestuurder in wie se Verantwoordelikheidsentrum (VS) dit val, naamlik die Viserektor (Leer en Onderrig). Die besonderhede soos dit in 'n gegewe jaar toegepas word, moet rekening hou met die diversiteitsprofiel van kwalifiserende aansoekers en word in 'n ondersteunende dokument (dws bestuursbepalinge en implementeringsmaatreëls) vervat wat ook in die Jaarboek verskyn. Slegs die Universiteitsraad mag substansiële beleidsbepalinge verander.

5.1 Die primêre bepaling wat op die Stellenbosch-kampus gebruik word om die eerstejaarstudente in koshuise te plaas, is om die eerste rondte plasings op grond van akademiese meriete te doen.

5.2 Nadat die aanvanklike plasing afgehandel is en die geplaasde studente se diversiteitsprofiele verreken is, word addisionele bepalinge, steeds met inagneming van akademiese meriete, gebruik om die diversiteitsprofiel te bereik soos deur die bestuur as teiken gestel. Die vyf diversiteitsfaktore wat in hierdie verband verreken sal word, is (1) Suid-Afrikaanse burger of internasionale student; (2) voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of Ander); (3) etnisiteit (Bruin, Swart, Indiër of Wit); (4) eerste- of nie-eerstegenerasiestudent en (5) ekonomiese klas (vir studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig en op grond van 'n middeletoets wel vir die ondersteuning kwalifiseer).

5.3 'n Verdere bepaling is om van die kwesbaarste studente (inbegrepe nuweling-eerstejaars, VGP-studente, studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig soos mbv die middeletoets bepaal en studente met spesiale leerbehoeftes (gestremdhede)) in koshuise te plaas.

5.4 In die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe word alle werwingsbeurskandidate, wat op grond van akademiese meriete gekeur is, reeds in die eerste rondte van plasings 'n koshuisplek op Tygerberg-kampus gegee. Werwingsbeurskandidate op die Stellenbosch-kampus word in die tweede rondte verreken omdat diegene wat die aanbod aanvaar eers later bekend is.

5.5 Vir Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe-studente wat hul eerste jaar in 'n koshuis op die Stellenbosch-kampus deurgebring het en daarna moet oorskuif na die Tygerberg-kampus, sal die toekenning van 'n koshuisplek op die Tygerberg-kampus afhang van beskikbaarheid van plekke na die plasing van die eerstejaarstudente in Tygerberg-koshuise.

5.6 Verder word 'n bepaalde gemiddeld, soos deur die universiteitsbestuur besluit, in graad 12 as afsnypunt vir nuweling-eerstejaars geneem om in 'n koshuis geplaas te kan word (maw, aansoekers met minder as die gestelde gemiddeld in graad 12, sal slegs in uitsonderlike gevalle en met goeie motiverings – soos dat dit 'n VGP-aansoeker is – in 'n koshuis geplaas word).

5.7 Studente op die Stellenbosch-kampus mag as ’n reël vir ’n maksimum van die normale duur van hul voorgraadse program waarvoor hulle aanvanklik ingeskryf is in voorgraadse koshuise bly (die tydperk akkumuleer ongeag of die student van koshuis verander), tensy aan koshuisleierskapstrukture deelgeneem word, naamlik primarius(-ia), huiskomiteelid (HK-lid), klustersameroeper of mentor.

5.8 In uitsonderlike gevalle en met deeglike motiverings van die Inwonende Hoof aan die Direkteur van die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) kan enkele addisionele senior studente langer as die normale duur van hul voorgraadse program waarvoor hul aanvanklik ingeskryf is in ’n koshuis aanbly op grond van ’n buitengewone bydrae wat gelewer word, bv op kulturele of sportgebied.

5.9 In uitsonderlike gevalle en met deeglike motivering aan die Direkteur van die Sentrum vir Studentegemeenskappe (SSG) kan ’n Inwonende Hoof op skrif, tydens die eerste plasingsrondte, aanbevelings maak vir die plasing van spesifieke nuweling-eerstejaarstudente wat kwalifiseer tov akademiese meriete volgens vooraf-ooreengekome vereistes.

5.10 Spesiale plasings vorm deel van die totale getal plasings per jaar en is nie ’n addisionele groep vir wie addisionele plekke bestaan nie. Daar word in hierdie groepering steeds rekening met die twee sleutelbepalinge gehou, naamlik akademiese meriete en ’n goeie verspreiding van die diversiteitskategorieë. Die volgende spesiale plasings geld tans en kan van tyd tot tyd deur die Universiteitsbestuur aangepas word:

5.10.1 *Bloemhoftrust-plasings soos ooreengekom met die Universiteit*: Die Bloemhoftrust moet die name van voornemende studente wat hulle in koshuise wil plaas op die laatste teen 1 September by die koshuisplasingsbeamptes indien en die Trust kan nie self koshuiskeuses uitoefen nie. Die Bloemhoftrust word ook versoek om met hul ooreengekome getal plekke daarna te streef om ’n beduidende getal van daardie plekke aan BSI-studente toe te ken.

5.10.2 *VGP-plasings*: ’n Bepaalde getal VGP-studente word jaarliks deur die plasingsbeamptes in koshuise geplaas.

5.10.3 *Sportplasings*: ’n Bepaalde getal plekke word aan Maties Sport toegeken. Behalwe uitnemendheid in sport en akademie, moet Maties Sport ook daarna streef om ’n beduidende getal BSI-studente in hul toegekende plekke te plaas. Die name van die studente moet die plasingsbeamptes reeds teen 1 September van elke jaar bereik.

5.10.4 *Weermagstudente*: Manlike en vroulike weermagstudente wat op die Stellenbosch-kampus studeer, word deur die plasingsbeamptes in ’n geskikte universiteitshuis geplaas.

5.11 By die bepalings vir indeling by PSO-wyke en klusters word daarna gestreef om die verskillende klusters so te bestuur dat die twee sleutelbepalinge, naamlik akademiese meriete en diversiteit ook hier so ver moontlik verreken word. In die lig hiervan geld die volgende vir die indeling van PSO-studente by wyke (of PSO-huise) en dus ook klusters:

5.11.1 PSO-studente word ewekansig in wyke ingedeel. Ewekansige indeling veroorsaak ’n eweredige verspreiding van akademiese meriete en diversiteit.

5.11.2 Nuweling-nagraadse en internasionale studente word op dieselfde wyse as nuweling-eerstejaarstudente by klusters ingedeel en hul optimale integrasie in die res van die studentegemeenskap word nagestreef.

5.12 Studente wat vanaf koshuise na PSO-wyke oorbeweeg word outomaties ingeskakel by die (mans-/vroue-) PSO-wyk(e) van die kluster waarin die koshuis val wat hul verlaat.

5.13 Studente moet geherregistreer word by ’n nuwe kluster indien hulle vanaf privaatverblyf na ’n koshuis oorbeweeg wat in ’n ander kluster gesetel is as die PSO-wyk waarin hulle voorheen was.

5.14 Plasing in senior koshuise op die Stellenbosch-kampus geskied ook volgens die twee sleutelbepalinge, naamlik akademiese meriete en die diversiteitsprofiel wat vir elke bepaalde senior koshuis nagestreef word tov geslag, etnisiteit, voorkeurtaal, nasionale of internasionale student en ekonomiese klas (eerstegenerasiestudent of nie is nie hier van toepassing nie). Die besonderhede is soos volg:

5.14.1 Die senior koshuise akkommodeer hoofsaaklik studente wat reeds in ander voorgraadse koshuise gewoon het.

5.14.2 Studente wat reeds 23 jaar en ouer is wanneer hul die eerste keer by die Universiteit kom studeer, word verkieslik in ’n senior koshuis geplaas.

5.14.3 Die maksimum ouderdom vir plasing van studente in senior koshuise word jaarliks deur die bestuur bepaal.

5.14.4 Plasing van senior studente word verder in kategorieë oorweeg tov die jare wat reeds verloop het sedert hul matriek voltooi het. Die kategorie waarin ’n student val, bepaal ook vir watter tipe koshuisakkommodasie ’n student oorweeg sal word. Sekere senior koshuise word gereserveer vir studente van elk van die drie verskillende kategorieë of kombinasies van die drie kategorieë: Matriek + 4 tot + 6 jaar; Matriek + 6 tot + 8 jaar; Matriek + 8 en meer.

5.14.5 Studente mag ’n maksimum van drie jaar in senior koshuise bly (die tydperk akkumuleer ongeag of die student van koshuis verander), ongeag of die betrokke student reeds in ’n voorgraadse koshuis ingewoon het (en hulle mag ook langer aanbly in die senior koshuise as die studente deel is van die leierskapstrukture).

5.14.6 Mbt voorgraadse en nagraadse studente in senior koshuise:

a) Vir ouer voorgraadse studente in die kategorie wat die eerste keer aan die Universiteit Stellenbosch kom studeer (dus 23 jaar of ouer), word daar ’n persentasie van die kapasiteit, soos deur die bestuur bepaal, in die senior koshuis gereserveer. Studente word hier ook met inagneming van die twee sleutelbepalinge geplaas, naamlik akademiese meriete en die onderskeie diversiteitskategorieë.

b) Nagraadse studente en studente wat reeds voorgraads aan die Universiteit gestudeer het, word teen mekaar opgeweeg op grond van hul geweegde gemiddelde per krediet en diegene met ’n hoër geweegde gemiddelde per krediet kry voorkeur bo studente met ’n laer geweegde gemiddelde per krediet. Die geweegde gemiddelde per krediet word vir voorgraadse prestasie bereken.

c) Studente wat deel vorm van die leierskapstrukture, naamlik SR, klustersameroepers, huiskomitees en mentors se geweegde gemiddelde per krediet word met ’n persentasie, soos deur die bestuur bepaal, verhoog. ’n Sekere maksimum getal studente, ook soos deur die bestuur bepaal, kan voordeel uit so ’n verhoging van geweegde gemiddelde per krediet trek.

d) Studente wat voltyds werk en ’n vaste jaarlikse inkomste verdien, mag nie in ’n universiteitskoshuis geplaas word nie.

e) Persone wat by die Universiteit geregistreer is vir vakke of modules wat nie tot die verwerwing van ’n kwalifikasie aan die Universiteit Stellenbosch lei nie, kwalifiseer nie vir ’n koshuisplek nie.

5.14.7 Op die Tygerberg-kampus word afsonderlike reëlings mbt plasing in senior koshuise getref.

5.15 Plasing in LLL-huise geskied soos volg:

5.15.1 Die diversiteitsprofiel wat vir elke LLL-huis nagestreef word, speel ’n bepalende rol. Aansoekers word dus volgens die diversiteitsbehoeftes van elke bepaalde LLL-huis geplaas. Die diversiteitsprofiel sluit die volgende kategorieë in: geslag, etnisiteit, voorkeurtaal, fakulteit, nasionale of internasionale student en ekonomiese klas (eerstegenerasiestudent of nie is nie hier van toepassing nie).

5.15.2 Studente doen aansoek om plasing in LLL-huise en die aansoeke word deur keuringspanele oorweeg wat deur die SSG aangewys word. In uitsonderlike gevalle waar die paneel dit moeilik vind om tussen aansoekers te onderskei, kan die paneel met van die aansoekers onderhoude voer.

5.16 Indien aansoeke om toelating tot koshuisplekke verander (bv afneem), of waar nuwe aanwendings vir universiteitshuisvesting beoog word (soos die ontwikkeling van meer luister-, leer- en leefhuise), kan die universiteitsbestuur enige van die plasingskategorieë se persentasies en getalle aanpas met gepaardgaande rapportering aan die Universiteitsraad oor die strategiese impak daarvan.

## 6 Konflikbeslegting

Enige sodanige sake word na die Direkteur: Sentrum vir Studente Gemeenskappe verwys vir leiding en besluitneming.

## 7 Beleidsbeheer

7.1 *Beheerstruktuur waarbinne die beleid tuishoort:* Die beleid word vasgestel deur die Raad van die Universiteit. Die Rektor is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid en hy delegeer die oorhoofse verantwoordelikheid aan die toepaslike omgewings wat aan ’n lid van die Rektor se Bestuurspan rapporteer, naamlik die Viserektor (Leer en Onderrig).

7.2 *Eienaarskap:* Die Viserektor (Leer en Onderrig) word in hierdie verband deur die Rektor aangewys as lynhoof en eienaar van hierdie beleid.

7.3 *Rolle en verantwoordelikhede:* Die Universiteit vestig onder meer die volgende rolle en verantwoordelikhede met die oog op die hantering en bestuur van hierdie beleid:

7.3.1 Die statutêre hoof is die Rektor en Visekanselier

7.3.2 ’n Lid van die Rektor se Bestuurspan, naamlik die Viserektor (Leer en Onderrig), aan wie die toepaslike omgewings verantwoordelik vir die implementering en toepassing van die beleid rapporteer, tree as die eienaar van die beleid op en stel jaarliks die verskillende persentasies en getalle vas (soos uiteengesit in die ondersteunende dokument wat ook in die Jaarboek sal verskyn). Die ondersteunende dokument in die Jaarboek sal persentasies en getalle reflekteer wat die mees resente inligting oor die plasing van eerstejaarskohorte in koshuise aantoon.

7.3.3 Studente- en Akademiese Steun is die toepaslike afdeling waar uitvoering aan die beleid gegee word en waar van tyd tot tyd aanbeveel word dat die beleid hersien word. Hierdie Afdelingshoof is ook verantwoordelik om die Viserektor (Leer en Onderrig) op die hoogte van sake te hou mbt aksies wat uitgevoer moet word kragtens die beleid (met spesifieke verwysing na die hersiening van getalle en persentasies soos dit in die ondersteunende dokument vervat is).

## 8 Verslagdoening en openbaarmaking

Verslagdoening en openbaarmaking is in normale bestuurspraktyke ingebed en die kommunikasie vind deur die normale kommunikasiekanale van die Universiteit plaas. Rapportering aan die Universiteitsraad geskied na afloop van elke jaar se plasingsproses.

## 9 Optrede in geval van nie-nakoming

Enige klagtes voortspruitend uit ’n beweerde nie-nakoming van die beleid word hanteer in terme van die staande klagtebestuursprosesse en –stelsels van die Universiteit.

## 10 Woordomskrywings

Die volgende spesifieke terminologie word in hierdie beleid gebruik en daar word kernagtige omskrywings aan die terme gegee:

**Akademiese meriete** – in die konteks van nuweling-eerstejaars se plasing, verwys dit na akademiese prestasie op skool, en by senior studente dui dit op akademiese prestasie aan die Universiteit

**Besoekende Hoof** – persoon wat aangestel is om as hoof van ’n PSO-wyk (of PSO-huis) op te tree, maar die persoon woon nie noodwendig self naby aan die omgewing waar die studente woon nie

**Binne-klas-ervaring** – hoofstroom akademiese aanbod wat hoofsaaklik in lesinglokaalkonteks plaasvind (soms word ook daarna as die kurrikulum of hoofkurrikulum verwys)

**BSI-studente** – bruin, swart en Indiër studente

**Buite-klas-ervaring** – die student se belewenis van die Universiteit buite die formele lesinglokaalkonteks of formele akademiese aanbod (soms word ook daarna as die ko-kurrikulum verwys)

**Diversiteit** – in die konteks van hierdie beleid word na hoofsaaklik vyf diversiteitskategorieë verwys, naamlik (1) Suid-Afrikaanse burger of internasionale student; (2) voorkeurtaal (Afrikaans, Engels of Ander); (3) etnisiteit (wit, bruin, swart of Indiër); (4) eerste- of nie-eerstegenerasiestudent en (5) ekonomiese klas (vir studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig en op grond van ’n middeletoets wel vir die ondersteuning kwalifiseer)

**Eerste rondte plasings** – dit is die primêre of eerste plasingsrondte wat slegs op akademiese meriete gefokus is (tweede rondte plasings volg daarna en fokus meer op die vyf diversiteitskategorieë met inagneming van akademiese meriete)

**Eerstegenerasiestudent** – ’n student wie se ouers of grootouers nie aan ’n universiteit gestudeer het nie

**Etnisiteit** – in die konteks van hierdie beleid word die *Verklarende Afrikaanse Woordeboek* se definisie gebruik, naamlik *behoort tot ’n spesifieke rasse- of taalgroep*

**HK** – huiskomiteelid

**Inwonende Hoof** – persoon wat aangestel is om as hoof van ’n koshuis op te tree en die persoon woon gewoonlik in of langsaan die betrokke koshuis

**Kluster** – ’n kluster is ’n groep koshuise wat hoofsaaklik geografies gegroepeer is en waarby ’n PSO-wyk (in die geval van ’n geïntegreerde mans- en vrouewyk) of twee PSO-wyke (in die geval van afsonderlike mans- en vrouewyke) ingedeel word om ’n studentegemeenskap te vorm (tans ongeveer 2 500 – 3 000 studente)

**Klustersameroeper** – dit is ’n studenteleier wat die ResEd-koördineerder bystaan met al die aktwiteite wat in ’n kluster plaasvind

**Koshuis** – amptelike universiteitsgebou waarin groter groepe studente tuisgaan

**Koshuisleierskapstrukture** – in die konteks van hierdie beleid sluit dit die volgende in: Primarius/primaria, huiskomiteelede, klustersameroepers en mentors

**Kwesbare studente** – in die konteks van hierdie beleid sluit dit die volgende groeperinge in: nuweling-eerstejaarstudente, studente op verlengde graadprogramme (VGP-studente), studente wat finansiële ondersteuningsbeurse benodig soos mbv die middeletoets bepaal en studente met spesiale leerbehoeftes (gestremdhede)

**Luister-, leer- en leefhuis (LLL-huis)** – amptelike universiteitshuis (eiendom van die Universiteit) waarin kleiner groepe studente rondom temas en met inagneming van diversiteit gehuisves word

**Middeletoets** – dit is ’n instrument waarmee aan die hand van die inkomste van ’n huisgesin bepaal word of die student van die huisgesin kwalifiseer vir finansiële hulp en die omvang daarvan

**Mobiliteitsplan** – die Universiteit se oorhoofse meesterplan om vervoer óp, ná en ván die kampus te reël

**Normale duur van ’n graadprogram** – dit is die minimum duur van ’n graadprogram, bv ’n BSc duur normaalweg drie jaar en ’n BIng vier jaar

**Prim** – Primarius (manlike hoofstudent in ’n koshuis of PSO-huis) en primaria (vroulike hoofstudent in ’n koshuis of PSO-huis)

**PSO-studente** – private studente-organisasie (studente wat nie in amptelike universiteitsverblyf inwoon nie)

**PSO-wyk** – word ook PSO-huis of privaatwyk genoem en dit is ’n groepering van PSO-studente wat saam gegroepeer word om organisatoriese en gemeenskapsvormingsdoeleindes. Sodanige huise word saam met koshuise in klusters ingedeel en hulle het ook ’n studenteleierskapstruktuur (inbegrepe mentors vir nuweling-eerstejaarstudente)

**ResEd-koördineeder** – personeellid wat optree as die koördineerder van ’n kluster (gewoonlik is sodanige persoon ook ’n Inwonende Hoof van ’n koshuis in die betrokke kluster)

**Senior koshuise** – koshuise of wooneenhede waarin geen (of baie min) nuweling-eerstejaarstudente tuisgaan en waar die inwoners hoofsaaklik meer gevorderde studente is (daarteenoor het die ander koshuise beduidende getalle nuweling-eerstejaarstudente). Die volgende koshuise/wooneenhede staan as senior koshuise bekend: **Gemengde senior koshuise/wooneenhede:** Botmashoogte, Concordia, Huis de Villiers, Huis MacDonald en Lobelia – twee nuwe senior koshuise word in 2013 gebou, naamlik een op die Stellenbosch- en die ander op die Tygerberg-kampus

**SR** – Studenteraad

**Universiteitsbestuur** – in die konteks van hierdie beleid word die volgende met Universiteitsbestuur bedoel: die Rektor se Bestuurspan (RBS)

**Universiteitshuis** – ’n huis wat deur die Universiteit besit of gehuur word en wat beskikbaar gestel word vir inwoning deur studente

**Verantwoordelikheidsentrum (VS)** – dit behels die totale portefeulje van bv ’n viserektor en dui op al die afdelings wat deel van die viserektor se verantwoordelikhede vorm

**Verlengde graadprogramme (VGP’s)** – dit is formele graadprogramme waar studente op ’n vooraf geprogrammeerde wyse hul graadprogramme oor ’n langer tydperk kan uitrek

**Voorgraadse koshuise** – dit is die meerderheid van die koshuise waar oorwegend voorgraadse studente tuisgaan en waar groter getalle nuweling-eerstejaarstudente ingeneem word as in senior koshuise. Die volgende koshuise staan as voorgraadse koshuise bekend: **Mans:** Dagbreek, Eendrag,

Helderberg, Helshoogte, Huis Marais, Huis Visser, Majuba, Simonsberg en Wilgenhof. **Vroue:** Erica, Harmonie, Heemstede, Huis Ten Bosch, Irene, Lydia, Minerva, Monica, Nemesia, Nerina, Serruria en Sonop. **Gemengde koshuise:** Gold Fields en Metanoia. **Tygerberg: Vroue:** Huis Francie van Zyl. **Gemengde koshuise:** Kerkenberg, Hippokrates en Meerhoff

## 11 Ondersteunende dokument:

Hierdie beleid moet in noue samehang met bestuursbepalinge en implementeringsmaatreëls vervat in 'n ondersteunende dokument gelees word wat ook in die Jaarboek saam met die beleid verskyn en wat op 'n jaarlikse basis aangepas word.

- o O o -